Erediens: Palmarum (Palmsondag)
Gelewer: 24 Maart 2024 in Kroondal
Preek: Filippense 2,5-11
Prediker: Biskop Theo Jäckel

Genade sy met julle en vrede van God, onse Vader en die Here Jesus Christus. Amen.

Laat ons bid

Gedurende die lydenstyd bedink ons op 'n besondere wyse Christus, wat Homself vir elk van ons opgeoffer het. Christus sterf vir ons aan die kruis. Sedertdien leef ons uit Sy genade en vergifnis.

Maar wat beteken dit vir ons as individuele Christene en as gemeenskap om aan die gekruisigde Jesus Christus te glo? Wat beteken dit vir ons praktiese omgang met mekaar in tye van twis en stryd?

Hierdie vraag is nie nuut nie. In Filippa, 'n gemeente wat Paulus self gestig het, was daar twis. Die mense kon nie mekaar vind nie. Elkeen het op sy of haar eie reg aangedring.

Paulus spreek deur sy brief hierdie twis aan. Hy noem 'n paar baie belangrike sake. En dan skryf hy oor 'n lied - 'n lied wat hulle waarskynlik almal reeds gesing het - oor Jesus Christus. Hy gebruik Christus as 'n voorbeeld vir hulle om na te volg.

Hierdie ou lied hoor ons uit die brief aan die Filippense, hoofstuk 2, verse 6 tot 11

Ons hoor die woord van God uit Filippense 2,5-11

5 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:6 Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, 8 het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.9 Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, 10 sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel

en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, [11] en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.

[5] Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was

Die gesindheid van Christus: Christus was soos God, maar Hy het alles vir ons opgeoffer. - Hy was selfs bereid om Sy reg as God op te gee.

So behoort ons ook te lewe, skryf Paulus dan aan die gemeente. Ons behoort bereid te wees om ons "regte" op te gee, wanneer dit kom by versoening en die vordering van die gemeenskap.

Is ons bereid om ons regte op te gee, as dit ander help? As dit vrede en vooruitgang verseker? Is ons bereid om soos Christus te probeer in die ander se skoene te staan, sodat ons kan begryp wat hy of sy werklik nodig het en hoekom hy of sy optree soos hy of sy die doen?

Is ons bereid om ander te dien?

Baie kere is die eerlike antwoord op hierdie vrae nee. Ons belewe dit elke dag. Christene tree net soos ander mense op. Hulle beklemtoon hulle regte. Hulle weier om dinge uit die oogpunt van die ander te sien en hulle wil gedien word en nie dien nie.

En tog dra ons ook die behoefte na vrede in ons. Ons bewonder mense wat hulself kan gee - mense soos moeder Theresa of Dietrich Bonhoeffer. Ons bewonder die lewe van Jesus, die Seun van God.

Hoekom bewonder ons hierdie mense? Ek glo dat dit so is, omdat elkeen van ons die behoefte in ons dra om ook so te kan wees en so te kan lewe. Ons wil die konstante konflikte tussen mense beëindig. Ons wil die aanhoudende bakleiery stop. Ons wil ophou met die voortdurende idee van "ek moet reg wees! Ek mag geen swakheid wys nie. Ek moet altyd beter lyk as die ander een." Ons soek vrede - vrede met onsself, met God en met ons medemens.

En nou die eeueoue vraag: As ons dan in vrede met mekaar wil leef, waarom is dit dan so moeilik vir ons? Hoekom lewe ons dan in so veel stryd en sonder versoening in hierdie wêreld?

Die eenvoudige antwoord op hierdie vraag sou sekerlik wees - "die sonde". Daarmee stem ek heeltemal saam. Maar ek glo ook dat ons almal as mense

sekere dinge in ons dra, wat ons wil verhinder, om onsself so te gee soos Christus Homself gegee het.

Ons almal dra 'n gevoel van onsekerheid in ons, wat vir ons sê dat ons iets van wie ons is kan verloor, as ons iets waarvoor ons staan, opgee. As ons nie kan verdra om enige opinie op te gee, vir die doel van eenheid en vrede, nie, beteken dit dikwels dat ons vrees om daardeur ons eie identiteit te verloor.

Gewoonlik dink ons dat mense wat altyd reg wil hê, en hulle posisie ten alle koste deurdruk, die sterk en selfversekerde mense is. Maar is dit werklik so?

Daar is sekere gesprekke in die lewe, dinge wat mens nie maklik vergeet nie. Een daarvan is, die raad wat 'n ouer kollega my eens gegee het, toe ek my eerste gemeente gehad het. Hy het destyds vir my gesê: "Dit is nie die sterkes in jou gemeentes wat stryery en twis in die gemeente veroorsaak nie. Dit is die swakkes wat onenigheid en stryery veroorsaak."

Hy het toe verduidelik wat hy daarmee bedoel het. "Die sterkes," het hy gesê, "weet wie hulle is, en omdat hulle dit weet, sal hulle oop en eerlik met jou gesels oor dit wat vir hulle belangrik is. Maar hulle sal ook bereid wees om hul opinie te verander as dit sinvol is, omdat hulle weet dat hulle meer as hulle opinie het. Hulle het waarde in hulself."

"Die swakkes daarenteen kan moeilik hul opinie verander, want dan glo hulle dat hulle 'n deel van hul selfbeeld sal verloor. Hulle sal dus stryery veroorsaak, groepe vorm en ander mense op 'n persoonlike vlak aanval. Hulle kan nie anders nie, omdat hulle onbewustelik 'n groot vrees het om alles te verloor as hulle hul opinie moet verander."

6 Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het.

Slegs as ek weet dat ek 'n waarde het wat nie in myself en my eie opinies gevind word nie, sal ek iets van myself kan prysgee. Deur die dood en opstanding van Jesus Christus mag ons weet dat ons waarde nie in onsself lê nie, maar in die feit dat God ons so lief het dat Jesus Christus Sy lewe vir ons prysgegee het.

So dikwels leef ons as mense in 'n toestand van konflik. Aan die een kant wil ons as Christene vrede hê. Ons wil ander verstaan en verstaan word – maar

aan die ander kant stry ons so dikwels oor ons “regte” en “menings” – selfs ten koste van vrede en versoening. Wat is dan die antwoord?

Deur Jesus Christus kan elkeen van ons weet dat ons onskatbare waarde het. Ons is so kosbaar vir God dat sy Seun Homself vir ons gegee het. Niks en niemand kan hierdie waarde van ons wegneem nie. Enigiemand wat dit weet, weet ook dat hy of sy baie het om te gee.

Solank ek my waarde in myself of in ander mense soek, sal ek nooit werklik gelukkig kan wees of werklik kan gee nie. Ek ervaar my waarde deur God.

Christus het alles vir elkeen van ons gegee. Wie Christus volg sal ervaar dat hy of sy in God se oë ‘n onskatbare waarde het. Indien ek bereid is om van myself te gee, word ek vry - vry van die verwagtinge van ander, maar ook vry om toegewings te maak in die wete dat ek deur Christus beroep is om in Sy naam die ander lief te hê en te dra.

Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en gedagtes bewaar in Christus Jesus.

Amen.